


Die “Woord” van God!

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Wie is God – Die skepper van alles

- **Skepper** - God wat uit niks iets skep, Kreator.
- **skepper** – iemand wat iets voortbring.
- N God wat se Woorde krag dra.
- God van die onmoontlike, wat uit niks dinge kan skep.
- N God wat alles wat Hy doen vir n doel en rede doen.



Alles wat God geskape het, het Hy geskape vir n doel en n rede. (Die Woord van God leer ons dit)



Vraag: Hoekom het God ons as mens geskape?

- ✓ 1. Gehoorsaam te wees - Sodat God ons God kan wees.
- ✓ 2. God te vereer met alles wat Hy vir ons gee en doen.
- ✓ 3. Vroom en opreg voor God te wandel sodat ander mense deur ons lewens gered kan word.
- ✓ 4. Om vir mekaar om te gee en vir mekaar in te tree in gebed
- ✓ 5. Om in God se aangesig te wandel. Godvresend te leef! As jy godvresend leef sal jy weg bly van sonde af. Baie mense wat God lief het maar Hom nie vrees nie.
- ✓ 6. Sodat God ons kan vertrou.
- ✓ 7. Sodat ons God lief moet he!

Wat wil God he moet ons as mens aangaande Hom weet?



- God wil vir ons n **God wees**.
- God wil he ons moet **Sy heerlijkheid ervaar**, want dit is wat God, God maak. Dit is wanneer God Hom aan jou openbaar. Noag, Abraham
- God wil he gelowiges moet **tyd saam met Hom spandeer**. Hoekom? God weet mense wat nie tyd saam met Hom spandeer nie, sal nie weet wat HY van hulle verwag nie en toegee aan **wereldse begeerlikhede, wereldse leef wyses**.
- God wil he jy **moet Hom intiem leer ken**. (Pro 1:7 Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.)
- **Dat HY baie lief is vir dit wat Hy geskape het! Gen 3:16**



Die Naam van Jesus Christus!

Wie is Jesus vir ons volgens die Woord van God?

- Verlosser - [Matt 1:21](#)
- Emmanuel (God met ons) - [Matt 1:23](#)
- Leidsman (Herder) - [Matt 2:6](#)
- God se geliefde Seun - [Matt 3: 16-17](#)
- Oorwinnaar - (Versoeker)[Matt 4](#)
- - (Dood) [Matt 20:19](#)
- Lig - [Matt 4:16](#)
- Leermeester - [Matt 5:3](#), [Matt 4:17](#)
- Roeper - [Matt 4:18-22](#) (Dissipels) [Matt 9:9](#) Matheus
- Geneesheer - [Matt 4:23](#) [Matt 8:1](#) (Melaatse)
- Vooreeld - [Matt 4:24-25](#)
- Lewend Maker - [Matt 9](#) Jairus se dogterjie
- Voorsiener - [Matt 4:14](#) Eerste vermeerdering van die vyf brode en twee vissies
- [Matt 15:29](#) Tweede vermeerdering van die vyf brode en twee vissies



Jesus in Getsemane



Jesus in Getsemane



- Mat 26:36 Toe kom Jesus met hulle in 'n plek met die naam van Getsémané, en Hy sê vir die dissipels: Sit hier onderwyl Ek daar gaan bid.
- Mat 26:37 En Hy neem Petrus en die twee seuns van Sebedéüs saam en begin bedroef en benoud word.
- Mat 26:38 Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.
- Mat 26:39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.
- Mat 26:40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?
- Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Jesus in Getsemane



- Mat 26:42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.
- Mat 26:43 Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar.
- Mat 26:44 En Hy het hulle met rus gelaat en weer vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê.
- Mat 26:45 Daarop kom Hy by sy dissipels en sê vir hulle: Slaap maar voort en rus. Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondaars.
- Mat 26:46 Staan op, laat ons gaan; kyk, hy is naby wat My verrai.

Dis tyd om die Here te soek: God het n plan vir jou lewe



- 1. Die Here wil he jy moet Hom aanneem. (Rom 12:1-3)
- 2. Die Here wil jou seen. (Deut 28:1-15)
- 3. Die Here wil jou n hoopvolle toekoms gee. (Jer 29:11-14)
- 4. Die Here wil jou wysheid, kennis en bekwaam maak. (Eks 31:1-3), (Fil 4:13)
- 5. Die Here wil he ons moet tot Hom bid en Hom vertou en weet alleenlik deur Hom is ons tot alles in staat. (Jer 42:3-4) (Fil 4:6-7)

Jesus die brood van die lewe vir die gelowiges. Joh 6:57-58



- Joh 6:57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.
- Joh 6:58 Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het—nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe.

